

9 Desember Esegïel 34:11-31; (Teks: 34:23-24)

Die Vredevors is 'n Herder

Die *geesdrif* voor Kersfees is nie altyd suiwer *feesdrif* aangevuur deur geloof nie. Die "ekonomiese dryfkrag" laat die betekenis van Kersfees verskuif. Grootliks gaan dit om die mens, sy begeertes, sy vreugde en nie om Christus nie. Israel in die Ou Testament het uitgesien na die koms van die Messias. Hulle is voorberei vir die geboorte van die Vredevors. In die Psalms sing Dawid van die koms van die Vredeskoning. Esegïel skryf dat die Vredevors 'n sorgsame herder sal wees (Eseg. 34). Miga preek dat Hy sy volk soos 'n herder sal lei en sal bewaak soos 'n heerser (Miga 5:3-4). Jesaja profeteer dat Hy met mag en grootheid sal heers vanaf die troon van Dawid (Jes. 9:5-6). Jeremia sien Hom as die regverdige spruit, die wettige opvolger van Dawid (Jer. 23:5-6). In die Ou Testament hoor jy die belofte van die *koms* van die Messias. Nog duideliker spreek dit uit wat die profete skryf oor wat Hy gaan *doen*.

Die Ou Testament rig die geloof en verlange op die middelpunt van die belofte: Christus, sal kom om vir sy volk 'n Herder te wees. Sien u so uit na Kersfees? Nie na die geskenke, samesyn, feeste, partytjies en vrolikheid nie. Kersfees is Christusfees, fees van sy eerste koms, gebore uit Maria. Maar terselfdertyd kyk dit vorentoe na sy wederkoms volgens sy belofte (Hand 1:11).

Sing: Skrifberyming 3:1,2

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)